Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP DINSDAG, 8 AUGUSTUS 2017 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Ander raadslede:
Rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L Zikmann
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 19 JULIE 2017

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 19 Julie 2017 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 2 AUGUSTUS 2017

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5.1.1/Oorweging...

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 2 AUGUSTUS 2017

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig onderworpe aan die wysiging soos in item 6.1.1.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING (ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 2 AUGUSTUS 2017

6.1.1 ITEM 9.1: HERSIENING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE SOSIALE ONTWIKKELINGSSTRATEGIE EN BELEID VAN 2013 (17/2/2)

Die Swartland Munisipale Sosiale Ontwikkelingstrategie en Beleid is gedurende 2013 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur vir implementering. Die beleid is in lyn met wetgewing wat Swartland Munisipaliteit die mandaat gee om dienste aan die gemeenskap te lewer wat die volgende fokusareas insluit, nl:

1) Die vestiging van kinderfasiliteite en bevordering van kinderontwikkeling;
2) Die bevordering van jeugontwikkeling;
3) Die bevordering van samewerking en koördinering;
4) Die bevordering van toegang tot die ekonomie;
5) Voorspraak vir weerlose persone.

Hierdie beleid is 'n sektorale plan wat ingesluit is in die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir implementering 2017–2022.

Met die hersiening van die beleid, het die Gemeenskapsontwikkelingsafdeling 'n meer interaktiewe studie gedoen deur die gemeenskap te betrek, i.p.v. om slegs die onderskeie wykskomitees te raadpleeg.

BESLUIT

a) Dat die goedkeuring verleen word vir die wysiging van die Swartland Munisipale Sosiale Ontwikkelingsbeleid en Strategie 2017-2022, met:

   (i) die toevoeging van die voorgestelde fokusarea 2: Bevorder Kinderontwikkeling (7-14); en

6.1.1/a)(ii)…

(ii) fokusarea 1 wat meer gedefinieër is m.b.t. Vroeë Kinderontwikkeling: Om die wettigheid van Vroeë Kinderontwikkelingfasiliteite en vroeë kinder ontwikkeling (0-6) te bemark);

b) Dat 'n spesifieke kriteria ontwikkel word om Vroeë Kinderonwikkeling-fasiliteite finansieël te ondersteun, binne die vermoë van die Munisipaliteit;

c) Dat die Raad beplan en begroot om sodoende kindersorg fasiliteite, binne die finansiële vermoë van die Munisipaliteit, te ondersteun volgens die gespesifiseerde kriteria;

d) Dat die voorgestelde strategiese fokus areas 2017-2022 goedgekeur word.

7. NUWE SAKE

7.1 VERSLAG OOR GEMEENSKAP ONTWIKKELINGSPROJEKTE 2016-2017 UITKOMSTE EN IMPAK (17/2/2)

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die uitkomste en impakte wat gemeet is aan die gemeenskapsontwikkelingsprojekte van 2016-2017;

(b) Dat die Gemeenskapsontwikkeling afdeling gedurende Augustus jaarliks oor die uitkomste en impakte van gemeenskapsontwikkelingsprojekte gedurende die vorige finansiële jaar rapporteer.

7.2 OPVOLGBEPLANNING: GOEDKEURING VAN VERLENGING VAN AFTREE-OUDERDOM VAN SLEUTELPOSTE MET SPESIFIEKE SKAARSVAARDIGHEDE (4/4/1)

Sleutelposisies vir insluiting by die Opvolgbeplanningsprogram is deur die Bestuurspan geïdentifiseer, en na 'n keuringsproses was opvolg kandidate goedgekeur vir sekere sleutelposisies.

Met betrekking tot die posisies van Senior Bestuurder: Interne Oudit en Senior Bestuurder: Strategiese Dienste, het geen interne kandidate het voldoen aan die vereistes om gevolglik ingesluit te word in die Opvolgplan vir hierdie posisies nie.

Ingevolge die reëls van die aftreefonds, mag die Munisipaliteit toestemming verleen dat 'n lid vir 'n langer tydperk kan werk. 'n Maksimum ouderdom word nie in die reëls voorgeskryf nie, dus kan die werkgewer die ouderdom bepaal waarop die werknemer moet aftree.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die bevoegdheid delegeer aan die Munisipale Bestuurder om, op grond van spesifieke omstandighede, te onderhandel met en toestemming te verleen aan posbekleërs van kritieke sleutelposte wat spesifieke skaars vaardighede vereis, om in die diens van Swartland Munisipaliteit te bly na bereiking van die ouderdom van 65, op 'n jaar tot jaar basis, maar hoogstens tot ouderdom 70;

7.2/(b)...

(b) Dat die besluit opgeneem word in die delegasieregister wat in Mei 2018 vir kennisname aan die Raad voorgelê sal word.

7.3 WYSIGING VAN SKOFSTELSEL: VERKEER- EN WETSTOEPASSINGS-AFDELING (4/2/2)

BESLUIT

Dat hierdie item onttrek word vir verdere konsultasie en onderhandelinge by die Arbeidsforum.

7.4 SKENKING VAN BIBLIOTEEK REKENAARTOERUSTING (17/8/B)

Swartland Munisipaliteit besit uitgediende rekenaartoerusting wat deur die Provinsiale Biblioteekdiens geskenk is nadat dit vervang is met nuwe toerusting by die biblioteke en die Munisipaliteit het geen nut daarvoor.

Die Kraaltjie (Kalbaskraal), Oude Kerk museum en Riebeek Valley toerisme (Riebeek Kasteel) sowel as die Malmesbury museum het navraag gedoen oor die toerusting aangesien hierdie entiteite dringend rekenaartoerusting benodig.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat die munisipaliteit nie nut vir die uitgediende rekenaartoerusting het nie;

(b) Dat die toerusting geskenk word aan onderskeidelik die Kraaltjie, museums en toerisme met dien verstande dat die Munisipaliteit geen verantwoordelikheid aanvaar vir onderhoud van die toerusting of enige sagteware wat met die gebruik daarvan gepaard gaan nie;

(c) Dat goedkeuring verleen word om die toerusting, soos gelys in die verslag, van die bateregister te verwyder.

7.5 VERVREEMDING VAN VERSKEIE ERWE (MALMESBURY EN CHATSWORTH) (12/2/B)

Tydens 'n Raadsvergadering gehou op 23 Maart 2017 is goedkeuring verleen vir die vervreemding van verskeie erwe wat onderskeidelik gesoneer is as Besigheidssone 1 en Gemeenskapsone 2.

Tenders was uitgenooi in die media met die sluitingsdatum as 30 Junie 2017 en m.b.t. erf 3185, Malmesbury was slegs een aanbod ontvang. Die tenderaar was nie suksesvol.

Die tenderproses is tans besig om gevolg te word m.b.t. erf 9968, Mamesbury.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die volgende:

(a) Dat die tenderaanbod ten opsigte van erf 3185, Malmesbury verwerp moes word, weens die nie-indiening van 'n geldige belastingsertifikaat deur die tenderaar;

(b) Dat geen tenders ten opsigte van erf 1652, Chatsworth ontvang is nie, en daar gevolglik in 'n later stadium weer op tender uitgegaan sal word;

(c) Dat ses tendervoorstelle ontvang is vir die aankoop van erf 9968, Malmesbury, wat tans onder oorweging is.

7.6 TOESTEMMING OM ERF 9111, MALMESBURY TE VERKOOP (12/2/5/4-8/16)

Erf 9111 is per openbare tender aan die Pinkster Oppersaal van Suid-Afrika vervreem, met die uitsluitlike doel vir die oprigting van `n plek van aanbidding. Genoemde eiendom is op 2 Julie 2004 aan die Pinkster Oppersaal van Suid-Afrika oorgedra.

Die koper kon egter nie uitvoering gee aan hul verpligting om ‘n plek van aanbidding op erf 9111, Malmesbury op te rig nie aangesien verskuif het en glad nie meer in Malmesbury aktief is nie.

Die Pinkster Oppersaal van Suid-Afrika oorweeg dus om erf 9111, Malmesbury te verkoop aan The New Hope Penticostal Church, geleë te Malmesbury en versoek dat die Munisipaliteit oorweging skenk aan sy voorkoopsreg.

BESLUIT

Dat die Raad afstand doen van sy voorkoopsreg ten opsigte van erf 9111, Malmesbury in die lig van die behoefte aan kerkpersele in die area en die onvermoë van die huidige eienaar om die perseel te ontwikkel.

7.7 HUUR VAN MUNISIPALE GROND TE MALMESBURY: SWARTLAND VOORTREKKER KOMMANDO (12/2/4-8/4)

Die Raad verhuur 'n gedeelte munisipale grond (groot ±2082m²), geleë oorkant die Swartland Hoërskool te Malmesbury aan die Swartland Voortrekkerkommando. Lg. is begerig om die gedeelte grond vir 'n verdere termyn van twaalf maande te huur.

BESLUIT

(a) Dat ‘n gedeelte meentgrond (groot ±2082m²) te Malmesbury, soos aangetoon op die liggingsplan hierby, aan die Swartland Voortrekkerkommando verhuur word vir 'n verdere termyn van een (1) jaar m.i.v. 1 September 2017;

(b) Dat huurgeld vasgestel word op R100,00 plus BTW per jaar, vooruitbetaalbaar;

(c) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

7.8 VERHUUR VAN POSKANTOORGEBOU OP RIEBEEK-WES (12/1/3/1-11/1)

Die Raad verhuur 'n gedeelte van die gebou geleë op erf 163, Riebeek-Wes aan me H J C Kriegler op 'n jaar-tot-jaar basis vir doeleindes van die bedryf van 'n poskantooragentskap.

Die huurtermyn verstryk op 31 Augustus 2017.

BESLUIT

(a) Dat ‘n gedeelte van die gebou geleë op erf 163, Riebeek-Wes m.i.v. 1 September 2017 uit-die-hand-uit vir ’n verdere termyn van 12 maande aan me H J C Kriegler verhuur word vir doeleindes van ‘n poskantooragentskap;

(b) Dat, ter wille van voortgesette dienslewering aan die gemeenskap van Riebeek-Wes, die Raad ‘n bydrae maak met ‘n insentief deur middel van ‘n laer huurgeld, en dat die bestaande huurtarief van R100,00 per maand plus 14% BTW gevolglik goedgekeur word;

(c) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

7.9 VERHUUR VAN POSKANTOORGEBOU OP RIEBEEK KASTEEL (12/1/3/1-11/1)

Die Raad verhuur 'n gedeelte van die gebou geleë op erf 147, Riebeek Kasteel aan me J Jordaan op 'n jaar-tot-jaar basis vir doeleindes van die bedryf van 'n poskantooragentskap.

Die huurtermyn verstryk op 31 Augustus 2017.

BESLUIT

(a) Dat ‘n gedeelte van die gebou geleë op erf 147, Riebeek Kasteel m.i.v. 1 September 2017 vir ‘n verdere termyn van 12 maande aan me J Jordaan verhuur word vir doeleindes van ‘n poskantooragentskap;

(b) Dat, ter wille van voortgesette dienslewering aan die gemeenskap van Riebeek Kasteel, die Raad ‘n bydrae maak met ‘n insentief deur middel van ‘n laer huurgeld, en dat die bestaande huurtarief van R100,00 per maand plus 14% BTW gevolglik goedgekeur word;

(c) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

7.10 VOORGESTELDE VERHURING VAN MUNISIPALE GROND TE DARLING (12/4/4-3/1)

Op ’n publieke veiling gehou op 31 Maart 2012 is nuutgeskepte erf 4359 (groot 51,9087 ha), Darling verkoop aan Anicol Properties (Pty) Ltd vir landboudoeleindes wat geskep is uit die konsolidasie van die vorige landbou kampe 9 en 10 (gedeelte van erf 551).

Met die konsolidasie van kampe 9 en 10 is gedeelte, nou erf 4360 (groot 7, 9645 ha) afgesny vir doeleindes van toekomstige ontwikkeling deur die Raad.

Met die opmeting van die gedeelte grond is ‘n kleiner gedeelte (±1,115ha) per abuis deur die landmeter uitgesluit van die gekonsolideerde en heropgemete kampe en die betrokke gedeelte grond lê tans onbenut en word sedert 1 Julie 2012 verhuur aan me Tanya Menhinick vir landboudoeleindes.

BESLUIT

(a) Dat gedeelte van erf 551, Darling (groot 1,115 ha) aan die eienaar van die aangrensende erf 538 uit-die-hand verhuur word vir landboudoeleindes, onderworpe daaraan dat `n geskrewe aansoek om verlenging van die huurtermyn ontvang word;

(b) Dat ‘n huurtermyn van drie (3) jaar m.i.v 1 Julie 2017 bepaal word;

(c) Dat huurgeld van R295.47, BTW uitgesluit,wat met 10% per jaar eskaleer is, goedgekeur word;

(d) Dat die Raad se voorneme in terme van Die Raad se Verordening insake die Oordrag van Munisipale Kapitale Bates geadverteer word;

(e) Dat die aansoeker verantwoordelik sal wees vir die betaling van die advertensiekostes;

(f) Dat ‘n huurooreenkoms soortgelyk aan die ooreenkoms met huurders van die aangrensende kampe met die huurder aangegaan word;

(g) Dat kennis geneem word van die buitegewone omstandighede as volg:

(i) Die gedeelte grond is aangrensend aan die aansoeker se erf 538;

(ii) Geen omheining is tans aanwesig op die erf nie;

(iii) Dienste bestaan reeds op die aangrensende erf 538;

(iv) Slegs die eienaar van erf 538 sal die gedeelte grond werklik sinvol kan aanwend vir landboudoeleindes en slegs op kort termyn. Die erf het ‘n onnatuurlike vorm en beskik nie oor gerieflike toegang nie.

7.11 VOORGESTELDE VERHURING VAN MUNISIPALE GROND TE DARLING (12/2/4-3/1)

Op ’n publieke veiling gehou op 31 Maart 2012 is nuutgeskepte erf 4359 (groot 51,9087 ha) geskep uit die konsolidasie van die vorige landbou kampe 9 en 10 (gedeelte van erf 551), Darling verkoop aan Anicol Properties (Pty) Ltd vir landboudoeleindes

Met die konsolidasie van kampe 9 en 10 is gedeelte, nou erf 4360 (groot 7, 9645 ha) afgesny vir doeleindes van toekomstige ontwikkeling deur die Raad. Die betrokke gedeelte grond lê tans onbenut tot tyd en wyl die Raad met erf ontwikkeling kan voortgaan en word sedert 1 Julie 2012 word dit verhuur aan Anicol Properties (Pty) Ltd vir landbou doeleindes.

BESLUIT

(a) Dat erf 4360, Darling (groot 7,9645 ha) aan die eienaar van die aangrensende erf 4359 uit-die-hand verhuur word vir landboudoeleindes, onderworpe daaraan dat `n geskrewe aansoek om verlenging van die huurtermyn ontvang word;

(b) Dat ’n verdere huurtermyn van drie (3) jaar m.i.v 1 Julie 2017 bepaal word;

(c) Dat huurgeld van R2322.60 per jaar, wat met 10% per jaar eskaleer, goedgekeur word;

(d) Dat die Raad se voorneme in terme van die Raad se Verordening insake die Oordrag van Munisipale Kapitale Bates geadverteer word;

(e) Dat die aansoeker verantwoordelik sal wees vir die betaling van die advertensiekostes;

(f) Dat ‘n huurooreenkoms soortgelyk aan die ooreenkoms met huurders van die aangrensende kampe met die huurder aangegaan word;

(g) Dat kennis geneem word van die buitegewone omstandighede as volg:

(i) Erf 4360 is aangrensend aan die aansoeker se erf 4359;

(ii) Geen omheining is huidiglik aanwesig op erf 4360 nie;

(iii) Dienste word deur die aansoeker op erf 4359 aangebring en is goedkeuring verleen dat toegang na erf 4359 voorlopig oor erf 4360 verkry word;

(iv) Slegs die eienaar van erf 4359 sal erf 4360 werklik sinvol kan aanwend vir landbou doeleindes en slegs op kort termyn.

7.12 UITSTAANDE DEBITEURE: JULIE 2017

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande

debiteure vir die maand van Julie 2017.

7.13 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Julie 2017 soos met die sakelys gesirkuleer.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER